# PERSVERKLARING OOR VOORTSLEPENDE STAKING BY SARS

**Tshwane, 27 Julie 2022 -** Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) bly toegewyd tot die oplossing van die voortslepende industriële aksie deur georganiseerde arbeid. Soos vroeër berig, bepaal SARS nie sy eie begroting nie, maar maak staat op befondsing van Nasionale Tesourie. Dit is binne hierdie konteks dat SARS begin het met onderhandelinge met sy vennote in arbeid.

Na skakeling met georganiseerde arbeid, het SARS 'n aanbod gemaak om 'n finale skikking te bereik gebaseer op die volgende beginsels:

i) 'n Verhoging regoor van 1.5% vir permanente werknemers in die die bedingingseenheid, teruggedateer tot 1 April 2022.

ii) Die bogenoemde is op voorwaarde dat:

   a. Sou die openbare sektor se onderhandelinge opgelos word met 'n verhoging van hoër as die 1.5%, sal Nasionale Tesourie addisionele fondse beskikbaar stel jeens die skikkingsooreenkoms.

   b. SARS sal hierdeur gelei word en sy aanbod aan werknemers aanpas om op dieselfde vlak te wees;

iii) 'n Onderneming om te skakel en die volgende met die SARS Nasionale Bedingingsforum (NBF) te beslis:

   a. die wyer werknemerwaardeproposisie, wat finansiële en nie-finansiële elemente insluit;

   b. die ander items wat by unies ter tafel gelê is tydens die onderhandelinge.

Die effense aanpassing aan die algemene aanbod is moontlik te danke aan geprojekteerde besparinge van 'n vertraging in aanstellings teenoor die aanvanklike plan. In die gees van deursigtigheid en toewyding tot die oplossing van die dispuut, het SARS se bestuur besluit om die besparings te allokeer jeens die salarisverhogingaanbod.

Partye het ooreengekom dat die unies 'n mandaat-soekende proses oor die aanbod moet oorweeg. Stakingsaksie is opgeskort deur die vereniging vir staatsamptenare (PSA) tydens hierdie mandaat-soekende proses, terwyl NEHAWU nog nie sy intensies amptelik aan SARS gekommunikeer het nie.

SARS het met kommer kennisgeneem van verskeie geïsoleerde gevalle van intimidasie en geweld deur sommige stakers en die nodige stappe sal teen diegene geneem word wat die gedragskode oortree en/of diegene wat die wet oortree.

SARS herbevestig sy verbinding tot respek van werknemers se reg om te staak. Die stakers is ook onder bevel van arbeidswetgewing om hul reg vreedsaam te beoefen en die regte te respekteer van werknemers wat verkies om te werk, asook belastingpligtiges wat wil voldoen aan hul wetlike verpligtinge.

SARS het gebeurtelikheidsmaatreëls in plek gestel om die negatiewe impak op dienste so ver moontlik te versag. Ons bedank belastingpligtiges vir hul geduld gedurende hierdie moeilike tyd, en ons vra sonder voorbehoud om verskoning vir die vertraagde reaksie op diensversoeke. Ons versoek belastingpligtiges en handelaars om sover as moontlik besoek aan SARS-takke te vermy, en om liewer met SARS te skakel deur ons digitale selfhelpdienste. Die beweging van vrag vanaf ons land- en seehawens van binnekoms gaan voort sonder enige hindering.

SARS bly empatiek teenoor die noodkreet van menige Suid-Afrikaners, sy eie werknemers inkluis, wat swaar ekonomiese toestande in die gesig staar met stygende kos- en brandstofpryse. Ons bly opreg dankbaar aan die SARS-werknemers wat deur hierdie tydperk bydra tot ons sukses, en vir hulle voortgesette toewyding om die essensiële dienste te lewer ter ondersteuning van ons mandaat.

Vir meer inligting, kontak SARSmedia@sars.gov.za.